Ek Weet

Ons is sekerlik 'n bevoorregte nasie om vanmôre hier te wees, lewend op die aarde, nog 'n groot Paastyd te beleef. Pase bring altyd so 'n—'n glorieryke ding na ons, die nuwe verwagtinge. En—en hoe groot!

2 En net toe ek in die kamer daaragter instap vanmôre, het iemand my ontmoet en gesê: "Broer Branham, jy weet die—die babatjie of kindjie of iemand, vir wie gebid is by die Chautauqua verlede jaar, wat sy hart moes laat verwyder, en, kleppe, of iets daaraan regmaak." Het gesê: "Die baba is genees, en is in die gebou vanmôre, in der waarheid, en sit hier vanmôre." So dis goed, ons sal die klein getuienis daarvan hê, miskien voor ons die ander diens begin. En ons is sommer net gelukkige mense.

3 Nou sal ek Broer Neville vra of hy die Skriflesing van Matthéüs of Lukas sal kry, een, van die opstanding, as julle dit nie alreeds gelees het nie. Het julle, broer? [Broer Neville sê: "Nee."—Red.] So, terwyl ons gereedmaak vir gebed.

4 En nou volgende op hierdie diens, sal die genesingsdiens wees. Na hierdie diens verby is, dan kan julle na julle ontbyt gaan. Dan, daarna, sal ons weer terugkeer om nege-dertig en 'n ander diens begin. En dan sal genesingsdienste daarop volg. En dan sal doopdienste daarop volg.

5 En watter pragtige tyd is dit nie vir doop nie! O, goeiste! Die opstanding! Dis waarom ons gedoop word, omdat Hy weer opgestaan het.

6 Ek onthou voor ons ons doopgeriewe hier gehad het, het ek hulle altyd hieronder na die rivier toe gevat, vroeg, koel ryperige oggende, en doop die mense daaronder in die rivier. Daar is iets daaromtrent wat, net, dis 'n gewyde tyd. Pase, dis 'n wonderlike tyd.

Ek het gekyk na Broer Pat Tyler wat hier sit.

7 Ek het net gisteraand met iemand gepraat. Dat, ons laaste byeenkoms in Oklahoma, het ek probeer om, probeer nou (en ek sal dit aankondig) om my ou bediening van onderskeiding eenkant te sit, totdat God my sou roep om dit te doen, omdat ek dink (neem 'n aanvang) dis die—die nuwe bediening wat inkom.

8 Nou die aand, niemand het iets daarvan geweet nie, het ek dit getoets op 'n kind wat oor die platvorm gekom het, was blind gebore, 'n baba; en was totaal blind, omtrent 'n sestienjarige seun. En hy het net onmiddellik 'n kreet gelos: "Broer Branham, ek kan sien!" En daar, en Pat het . . . Ty- . . . naby gestaan, reg by die seun, toe sy oë oopgekom het vir die eerste keer in sy hele lewe. En so vertrou ek dat julle hier, met groot verwagtings, saam

met my, ek sien uit na iets, God vir ons gaan doen, en bring ons op na 'n ander vlak as waar ons was.

Laat ons nou ons hoofde buig vir gebed.

9 Ons Genadige Hemelse Vader, waar ons hier vergader het vanoggend, in die kerkie aan die kant van die pad, is ons inderdaad dankbaar teenoor U, vir alles wat dit vir ons beteken, en veral op hierdie Paasoggend. As daar nie 'n Pase was nie, sou ons nie in die toestand gewees het waarin ons vandag is nie. Dit, Pase, is wat al God se beloftes verseël het. Dit het hulle vir ons bevestig. Alles wat Hy ooit belowe het, dit is alles 'n werklikheid gemaak op Paasdag. Een van die grootste dae van feesvierings wat ons in die jaar kan hê! En ons wil vra, Here, vandag, dat U ons harte sal vertroos waar ons sit, in afwagting, en met verwagtinge vir die Heilige Gees, Wat na die Pase gekom het, om te kom op ons harte en om ons te vertroos, en om ons geloof te herstel, in groot kragtige mate, dat ons die lewe kan wandel wat Jesus vir ons bestem het om te wandel.

10 Ons wil bid vir ieder en elke individu, en veral vir hulle wat ingehok is en nie by die dienste êrens vandag kan uitkom nie. God, wees met hulle. En mag—mag hierdie Pase 'n ware Pase vir hulle vind, 'n opstaan uit die bed, en 'n nuwe gesondheid wat hulle nog nooit tevore in die lewe geken het nie. Skenk dit, Here.

11 Mag elke prediker, elke dienskneg, wat U vandag oor die wêreld het, wat hierdie groot herdenking vier, mag hulle salwing en sterkte en Krag hê, om na hulle gemeente (die wagtende skape) te bring, die Voedsel wat God beskik het vir Sy mense. Skenk dit, Here. Ons wag op ons deel, nederig, in die Naam van die Here Jesus Christus. Amen.

12 En gaan Broer Neville nou die Skrifte van die opstanding laat lees. [Broer Neville sê: "Matthéüs 28," en lees die volgende Skrif—Red.]

> [*En laat na die sabbat, toe dit begin lig word, teen die eerste dag van die week, kom Maria Magdaléna en die ander Maria om na die graf te gaan kyk.*]
>
> [*En daar kom 'n groot aardbewing, want 'n engel van die Here het uit die hemel neergedaal en gekom en die steen van die opening weggerol en daarop gaan sit.*]
>
> [*En sy gedaante was soos weerlig en sy kleding wit soos sneeu.*]
>
> [*En uit vrees vir hom, het die wagte gebewe en soos dooies geword.*]
>
> [*Maar die engel antwoord en sê vir die vroue: Moenie vrees nie, want ek weet julle soek Jesus wat gekruisig is.*]
>
> [*Hy is nie hier nie, want Hy het opgestaan soos Hy gesê het. Kom kyk na die plek waar die Here gelê het;*]

[*en gaan haastig, sê vir Sy dissipels: Hy het opgestaan uit die dode en gaan voor julle uit na Galiléa. Daar sal julle Hom sien. Kyk, ek het julle dit gesê.*]

[*En hulle het haastig weggegaan van die graf met vrees en groot blydskap, en gehardloop om dit aan sy dissipels te vertel.*]

[*En terwyl hulle op weg was om dit aan Sy dissipels te vertel, kom Jesus hulle meteens teë en sê: Wees gegroet! Toe kom hulle nader en gryp Sy voete en aanbid Hom.*]

[*En Jesus sê vir hulle: Moenie vrees nie. Gaan heen en vertel My broeders dat hulle na Galiléa moet gaan, en daar sal hulle My sien.*]

[*En terwyl hulle op weg was, kom daar sommige van die wag in die stad en vertel die owerpriesters alles wat gebeur het.*]

[*En nadat hulle saam met die ouderlinge vergader en raad gehou het, het hulle die soldate baie geld gegee*]

[*en gesê: Julle moet sê: Sy dissipels het in die nag gekom en Hom gesteel terwyl* hulle *aan die slaap was.*]

[*En as dit by die goewerneur gehoor word, sal ons hom tevrede stel en maak dat* hy *sonder sorg is.*]

[*Hulle het toe die geld geneem en gedoen soos hulle geleer was. En hierdie verhaal is versprei onder die Jode, tot vandag toe.*]

[*En die elf dissipels het na Galiléa gegaan, na die berg waar Jesus hulle bestel het.*]

[*En toe hulle Hom sien, het hulle Hom aanbid: maar sommige het getwyfel.*]

[*En Jesus het nadergekom en met hulle gespreek en gesê: Aan My is gegee alle mag in die hemel en op die aarde.*]

[*Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees:*]

[*En leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het: en, kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die einde van die wêreld. Amen.* Leë kol op band—Red.]

13 . . . voeg Sy seëninge by die lees van Sy Woord.

14 Nou wil ons sê, nou aankondig, dat die dienste, en vir die oggend, voortgesit sal word om nege-dertig, sodra ons hiervandaan is, die . . . hierdie oggenddiens nou. En dan noem ons hierdie ons sonsopkomsdiens. En ons is, het ’n paar groot dinge om aan julle te rapporteer oor die—die dienste wat verby is. En ons wil hê julle wat siek en beproef is, julle almal, moet met geloof kom vanoggend, om te glo dat hierdie opgestane Jesus

vandag lewe, en Hy net dieselfde is as wat Hy ooit was. Hy het niks verander nie.

15 Nou wil ek 'n klein Skrifgedeelte hier lees, gevind in die 19de hoofstuk van Job, vanaf die 15de vers.

> *My bywoners . . . my slavinne beskou my as 'n vreemde; 'n onbekende het ek geword in hulle oë.*
>
> *Ek roep my slaaf, maar hy antwoord my nie; met my mond moet ek hom smeek.*
>
> *My asem is vir my vrou hinderlik, en my slegte reuk vir die kinders van my moeder se skoot.*
>
> *Selfs jong seuns minag my; wil ek opstaan, dan spot hulle my.*
>
> *Al my vertroude vriende het 'n afsku van my; en dié wat ek liefgehad het, het hulle teen my gekeer.*
>
> *My* bene het gekleef *aan my vel en aan die vlees, en ek het slegs met my tandvleis ontsnap.*
>
> *Ontferm julle oor my, ontferm julle oor my, o my vriende, want die hand van God het my getref!*
>
> *Waarom vervolg julle my, soos God, en word nie versadig van my vlees nie?*
>
> *Ag, mag my woorde tog maar opgeskrywe, mag hulle maar in 'n boek opgeteken word —*
>
> *met 'n ystergriffel en lood — vir altyd in 'n rots uitgekap!*
>
> *Maar ek, ek weet: My Verlosser leef; en Hy sal as laaste oor die stof opstaan.*
>
> *En nadat hulle so my vel afgeskeur het, sal ek nogtans uit my vlees God aanskou;*
>
> *Hom wat ek sal aanskou my ten goede, en my oë — en geen vreemde nie — sal sien. My niere versmag van verlange in my binneste.*

16 Ek wil graag daar as 'n teks neem, gevind in hierdie Job 19. *Ek Weet.*

17 Die patriarg was teen hierdie tyd ietwat soos ons vandag is. Hy was in diep probleme gewees, soos ons dit noem: "diep waters," en hy was desperaat. Vele dae sou hy op die ashoop sit, en het probeer om woorde te vind om hom te vertroos, probeer iets vind wat hom moed sou gee, en iets wat 'n vertroosting vir hom sou—sou wees waar hy sy lewe uit hom sien vervaag het.

18 In die eerste plek, was hy 'n ou man, sowat negentig jaar oud, en is hy getref deur die hand van God. Nou, ons weet dat God hom nie met Sy hand aangeraak het nie, maar dat God Satan toegelaat het om hom aan te raak. God het slegs agente om dinge te doen. Wil God 'n boosheid gedoen hê, laat Hy net Satan los om dit te

doen. En wil Hy goed gedoen hê, het Hy Sy diensknegte wat Hy loslaat om dit te doen.

19 En Satan het Job met 'n doel aangeraak, om hom op die proef te stel, omdat hy en God 'n debat gehad het. En God het vir Satan gesê: "Ek het 'n dienskneg op die aarde, daar is niemand soos hy nie. Wat Ek ook al vir hom sê, sal hy doen. Hy's 'n volmaakte man, en 'n regverdige man."

20 En Satan het gesê: "As U net sal toelaat dat ek hom kry, sal ek hom U in U aangesig laat vervloek."

21 Job, wat nie al hierdie dinge geweet het wat aangaan nie, dit het die patriarg in diepe verslaentheid laat beland. Tog, op 'n manier, toe alles weg was van hom af, het hy steeds sy posisie behou in—in Christus. "Ek weet my Verlosser leef," het hy gesê.

22 Nou, ons kom by daardie plekke. Ons almal kom. En ek glo dat vandag, dat ons hier vergader het vir iets soos daardie selfde oogmerk. Ons is almal op die ashope. Ons het ons probleme, en ons hoogte- en laagtepunte, en ons—ons swak oomblikke, en ons siektes, en ons hartseer, en ons teleurstellings. So ons kom so, op 'n oggend, hierdie Paasoggend, om woorde van vertroosting te vind, soos Job by sy vriende probeer vind het.

23 Nie een van hulle kon hom enige vertroosting bied nie. Omdat weens sy probleme, hulle hom beskuldig het daarvan om 'n geheime sondaar te wees. Toe, in die middel van al daardie probleme, het God tot sy redding gekom.

24 Job het bevraagteken. Soos hy geweet het, nie alleen was sy siekte en sy swere, en probleme, en hartseer, van sy familie en al sy rykdom te verloor, was net omtrent op die punt om sy lewe te neem; maar hy was 'n ou man, goed gevorderd in jare, en het geweet dat hy daar na die graf toe gaan. En, in daardie wete, het hy geglo dat daar iemand was wat hom na die aarde gebring het, hy kon net nie op sy eie hierheen kom nie. En hy het geweet dat hy van 'n vader en 'n moeder gekom het, maar, tog, daardie vader en moeder moes iemand gehad het om hulle te bring. En dit sou voortwortel tot by die oorspronklike: "Wie het die eerste een gebring?"

25 En toe het hy dit gewonder. "Dis 'n vreemde ding dat ek hier is, rondloop, 'n hoër lewe as wat die dier is, en 'n hoër lewe as die plantlewe." Maar tog vind ons dat hy gesê het: "As die boom sterf, sal dit weer lewe. En as 'n—'n blom sterf, sal dit weer lewe." Maar hy het gesê: "Die mens gaan lê, hy gee die gees, en waar is hy? Sy seuns kom om oor hom te treur en eer te betoon, en hy merk dit nie op nie." En hy het gewonder: "Wat is die probleem dat—dat God lewe soos dié weer laat lewe, soos blomme en plante, maar 'n mens sou nie weer kon lewe nie?" Dit alles het hom bekommerd gehad.

26 En as ons net sal put uit hierdie gevolgtrekking vanmôre. En dis waarvoor ons hier is. Ons het die Paasverhaal gehoor, oor en

oor, en dit van voor tot agter gelees; en vandag, op julle radio-uitsendings, sal julle verskillende predikers dit hoor benader. Maar wat ek gedink het, vir my groepie vanoggend, wat die Here my gegee het, sal ek dit benader van 'n ander standpunt as ek kan, kom by 'n punt van: Waarom kom ons voor al hierdie probleme? Wat laat hierdie dinge kom? Waarom moet 'n Christen ooit verward wees? Waarom sou alles nie, net volmaak verloop vir 'n Christen nie? Maar dit doen dit nie, en ons weet dit.

27 En somtyds het ons meer probleme wanneer ons 'n Christen word as wat ons gehad het toe ons sondaars was. Natuurlik, Daar staan geskrywe: "Veel is die beproewinge van die regverdige, maar God verlos hom van hulle almal." God het baie beproewinge belowe, vreemde gevoelens, en vreemde dinge wat bo ons begrip sou wees, maar dit word altyd gedoen vir ons beswil. Ons kan dit net nie verstaan nie, omdat, indien ons het, dan sou dit nie 'n geloof vir ons wees nie; ons sou met 'n verstaan saamgaan. Maar ons doen dit, en ons het dit, en ons glo deur geloof, Sy Woord, dat dit ons ten goede sal bewerk. As ons dit kon begryp vandag, op hierdie—hierdie oggend. As ons kon begryp dat al ons probleme. . . En daar is nie een van ons immuun teen hulle nie. En as ons kon besef dat daar dinge vir ons beswil is!

28 Daar staan geskrywe, in een van die Skrifte in die Bybel, dat: "Beproewinge word oor ons gebring, is meer kosbaar vir ons as goud self, want dit is God wat ons hierdie beproewinge gee." Nadat ons Sy eiendom word, ons belydenis en ons doop, en ons belofte om in die lewe vir Hom te wandel, dan is elke beproewing wat oor ons kom, om ons te vervolmaak tot Sy glorie. Dis om ons te bring by 'n punt waar God Homself meer werklik kan maak vir ons as wat Hy was voor die beproewing gekom het.

29 Ek wil aansluit vanmôre by Job, om te sê dat ek lank genoeg gelewe het om te weet dis die Waarheid. Ek het dit in my eie lewe gesien, dat elke keer wat 'n groot situasie opkom, dat ek nie daaromheen kan kom, of daaronder of daaroor nie, maak God 'n weg, en kom glorieryk uit. Ek wonder maar net hoe Sy genade dit ooit doen, maar Hy doen dit.

30 En onthou, in al hierdie dinge, probeer Satan ons senuweeagtig maak, en ons ontstel, om ons te laat dink: "O, waarom het *dit* gebeur? Waarom kon ek nie *so* gewees het nie?"

31 'n Paar dae gelede, toe ek gekom het uit die allermooiste, skitterendste plek wat ek nog ooit in my lewe gesien het, dit was die groot gebou van ons broer, Oral Roberts. Toe ek daardie soliede marmer gesien het, en nie 'n venster daarin nêrens nie, maar hoe dit afgerond is! En ek was in Hollywood en ek was in konings se paleise, en ek was oral in wat kan wees, kwalik, regoor die wêreld, en al die spoggerige, lieflike plekke en tuis, maar ek het nooit enigiets gesien, enige plek, om daarmee te vergelyk nie, glad nêrens nie. Hoe die aluminium-draadjies die—die binnekant

aanmekaar weef, en, o, ek het nog nooit iets so skitterends in my hele lewe gesien nie. Toe ek daardeur geloop het, en my hande gevat en daardie paal-pilare gevryf het, en—en die groot graniet; alles in die vorm van 'n drie-eenheid van die Vader, Seun, en Heilige Gees, die—die uitkerwings daarvan. Al daardie dinge! Ek het pas gekom van Broer Tommy Osborne s'n af, en sy groot, magtige werk daar vir die Here gesien.

32 Ek het aan die buitekant gestaan, teruggekyk na daardie gebou, en ek het gedink: "God, sekerlik het ek 'n skynheilige geword, sekerlik het ek 'n uitgeworpene geword, êrens; want, hierdie manne se bedienings het van myne afgekom." En ek het gedink: "Wat? Miskien is ek so onbetroubaar, Here, dat U my nie kon vertrou met enigiets soos dit nie. Selfs die bietjie, paar dollar wat U my laat betaal vir die veldtogte en dinge, nou probeer hulle my na die gevangenis stuur daarvoor. En waarom is ek so 'n skynheilige of waarom is ek so 'n onbetroubare persoon?"

Ek was op die ashoop, soos Job van ouds was.

33 Toe ek daarbuite gestaan het, met kon skaars my asem kry, van sulke majesteit; dat 'n arm seun in 'n skuilgat gebore, 'n Pinkstermens, kon doen en dit bring tot daardie groot reusagtige gebou. En ek het gedink: "O God, miskien is ek nie waardig nie."

34 Net toe het 'n Stemmetjie afgekom deur daardie gange, en gesê: "Maar Ek is jou deel."

35 Toe het ek gedink: "O Here God, o, laat dit dan maar net so bly, Here. Ek . . . want ek sou nie die intelligensie hê om 'n groot werk soos hierdie vir U voort te sit nie. En ek is 'n—'n ongeletterde persoon. Maar, solank U my deel is, is ek U s'n, en sal U my lei. Ek sou my nie self kon lei nie. Maar, O Here, lei my!"

36 Dis daardie kritieke ure wat ons opdruk op daardie gewyde gronde. Dit was in die Bybel. En onthou, maak nie saak hoe groot die benoudheid is nie, Satan kan nie jou lewe neem voordat God klaar is met jou nie. Daar is niks wat met jou kan gebeur, tensy God dit toelaat nie. Daar is geen kwaad wat kan kom, tensy God dit toelaat nie. En dis vir jou beswil wat Hy dit bewerk. Laat ons dink.

37 Daar, toe die vloede gekom het om die wêreld te vernietig, kon dit Noag nie vernietig nie. Noag kon nie vernietig word nie, omdat God 'n werk gehad het vir hom om te doen.

38 Eendag, daaronder in 'n groot nasie onder 'n groot knegskap, was daar 'n paar Hebreeuse kinders wat ons ken as Sadrag, Mésag en Abednégo. En dit het by 'n punt gekom waar hulle 'n besluit moes neem, dat iets gedoen moes word. Hulle het . . . Hulle—hulle—hulle geloof is op die proef gestel.

39 En wanneer jou geloof beproef word, moet dan nie faal nie. Bly reg by wat jy glo.

40 En toe hulle te staan gekom het, geloof beproef was. En hulle het 'n kritieke uur ingegaan. Nie alleen het hulle na 'n—'n ashoop gegaan nie, maar hulle het in 'n vuuroond ingegaan. Maar Satan kon hulle nie vernietig nie, want God se doelwit was nog nie bereik nie. Hulle kon daar ingaan met hierdie hoop: "Ek weet my Verlosser leef!" Hulle kon daar ingaan met hierdie hoop: "Ons is verseker dat God in staat is om ons te verlos van hierdie vuuroond, maar, nogtans, sal ons nie buig voor die beeld nie."

41 Satan kon hulle nie vat nie. Hy kon Noag nie verdrink in die vloed, voordat die doelwit van God bereik was nie. Hy kon die Hebreeuse kinders nie verbrand voordat die doelwit van God bereik was nie. Hy kon Job nie doodmaak met swere en probleme, voordat die doelwit van God bereik was nie. Ook kon die leeus Daniël nie eet, voordat God se doelwit bereik was nie. Ook kon dood en ouderdom Abraham nie vat, voordat die doelwit van God bereik was nie.

42 En ook kon dit jou nie vat, of kon dit my nie vat, voordat die doelwit van God, met ons lewe, bereik is nie. So, ons put vertroosting daaruit.

43 En waarom laat God probleme kom? God span probleme in, sit stange in sy bek en laat dit Hom gehoorsaam, en daardie probleme bring ons in 'n nouer gemeenskap met God in.

44 Daar was geen reënboog gewees voordat die vloed gekom het nie. Maar nadat Noag gedruk is in daardie toestand waarin hy was, om veertig dae en nagte te drywe, in 'n storm, en die arkie dobber op-en-af in die water; dit was na die vloed oor was, dat hy die reënboog vir die eerste keer gesien het, die verbond van hoop, die verbond van belofte. Nadat hy deur die beproewing gegaan het, toe het hy die belofte gesien.

45 Dis hoe jy die belofte sien, nadat jy deur die beproewing gegaan het. Ek het gehou van die gedig of psalm:

> Moet ek gedra word Hemel toe
> Op 'n sagte blomme-bed,
> Terwyl ander om die prys moes veg
> En storms moes trotseer?

46 Ons vra vir gemak en vrede. God gee ons die beste wat Hy ons kon gee, versoekings en beproewings. Dis beter as gemak en vrede. Ons gemak is net oorkant die rivier.

47 Dit was nadat die Hebreeuse kinders in die vuuroond ingeforseer is, met een van hulle mees uitstaande beproewings, dat hulle Een soos die Seun van God tussen hulle sien staan het. Hulle probleme het die Seun van God wat tussen hulle staan, te voorskyn gebring, in die winde, om die hittegolf weg te weer. Maar nie voordat hulle die vuur ingegaan het, het daardie Vertrooster verskyn nie.

48 Dit was Daniël wat hom in sy hart voorgeneem het dat hy hom nie met die dinge van die wêreld sou besoedel nie, en deur 'n beproewing geforseer is, of hy tot God sou bid of na 'n leeukuil sou gaan. Maar dit was nadat die druk toegepas is, en hy in die leeukuil gegooi is, dat, daarna, hy die Engel van die Here gesien staan het in sy midde, wat weghou, daardie groot Vuurkolom staan tussen hom en die leeus. En die leeus kon hom nie kry nie, omdat hy deur die beproewinge en versoekings en probleme deurgegaan het. En hy het geweet dat sy God in staat was om hom daarvan te verlos.

49 Dit was Abraham, nadat hy die grond sien kaal word het, en die droogte wat gekom het, en Lot hom afsonder en heengegaan het om lekker in die wêreld te woon. Dit was nadat hy die gejammer en krete van—van sy veewagters gehoor het, met geen gras vir sy beeste nie, maar hy het uitgehou in die land wat God vir hom gegee het en hom gesê het om in te vertoef. En soos op daardie dag, nadat hy beproef was totdat sy—sy geduld op 'n einde was, dit was op daardie dag dat, toe nadat die beproewing verby was, hy van aangesig tot aangesig met Elohim gepraat het daardie dag onder die eik. Dit was nadat hy sy beproewinge deurstaan het, nadat hy deurgegaan het deur die probleme waardeur hy was, dat God aan hom verskyn het in die vorm van 'n Man; en sit daar en het hom vertel dat hy getroud was en sy vrou se naam Sara was, en het gesê sy het vir Hom gelag, in die tent agterlangs. Dit was daar dat Abraham Hom "Elohim" genoem het. Dit was na die versoeking en beproewing.

50 O, as die Kerk maar kon ontwaak tot Haarself vandag, om te vind dat, nadat die probleme en beproewinge, en gelag en gespot met, die dinge waardeur die Kerk is, die Pinksterkerk; dat ons God in ons midde sien, groot tekens doen, en wonders.

Is arbeid, probleme van elke dag,
Eers agter die rug,
Uiteindelik sal ons Jesus dan sien.

Hy sal daar op my wag,
Geregtig en trou, Jesus,
Op Sy lieflike troon,
Hy verwelkom ons Tuis
Nadat die dag verby is.

Terwyl dit dag is, laat ons arbei.

51 Al hierdie groot manne, dit sou veel van ons oggenddiens wegvat, om dit te gaan noem. Hulle het deur beproewinge gegaan, en God gesien. Hulle het deur beproewinge gegaan, en Engele gesien. Hulle het deur beproewinge gegaan; en openbarings, en het tekens en wonders, en dinge gesien.

52 Maar, o, nie een van hulle het gesien wat Job gesien het nie. Al daardie manne, nadat Engele gesien is, en God en al hierdie dinge gesien is, het hulle nooit iets gesien om hulle hoop anderkant die

graf te gee nie. Maar Job het die opstanding gesien! Hy het Pase gesien. Hy het die ding gesien wat elke hart vertroos. Toe, toe hy het: "O dat my woorde in 'n boek opgedruk sou word! O dat hulle sou ingegraveer word met 'n ysterpen, in die rots!"

53 Sien, dit, alles het teen hom gedraai. Sy, selfs sy diensknegte wou nie met hom praat nie. Sy vrou was 'n vreemdeling. Daar het hy gesit, op die ashoop, daardie groot beproewing. En die kerk het gekom, en hulle rug op hom gekeer, vir sewe dae. En niemand om hom te vertroos nie!

54 Toe moes hy die visioen van Pase gesien het, toe hy uitgeroep het: "Ek weet my Verlosser leef, en in die laaste dae sal Hy op die aarde staan. Ek weet! O, dat my woorde neergepen sou word met 'n ysterpen, in 'n steen, dat my woorde nimmermeer sou kon vervaag nie, want ek weet my Verlosser leef! Ek weet! Ek weet!"

55 Wat weet jy, Job? "Ek weet my Verlosser leef." Het julle opgelet, nie alleen was daar Iemand lewend nie, maar Hy was 'n Verlosser vir Job!

56 O, geseënd sy die Naam van die Here. Ek's so bly dat ek deel van Pase is, dat ek deel van daardie opstanding is! En ons is deel daarvan vanmôre, omdat in ons woon daardie Opstandingslewe (dit is, die deelgenoot) wat Pase gebring het. "Ek weet dat my Verlosser . . ." Wat weet jy? Ek raai nie daaroor nie; ons het te veel raaiery vandag. "Ek weet my Verlosser leef!" Ja, meneer.

57 Nou wat was Hy? As Hy geleef het, was Hy 'n Verlosser vir Job. "My," persoonlike, *my*, "my Verlosser leef!"

58 En wat weet jy nog, Job? Wat het jy in daardie visioen gesien? "En in die laaste dae, sal Hy op die aarde staan. En nadat hulle so my vel afgeskeur het, sal ek nogtans uit my vlees God aanskou, vir Wie ek self sal sien. Ek weet my Verlosser leef, en Hy sal in die laaste dae op die aarde staan. Al word my niere verteer binne-in my, al het die velwarms my liggaam veinietig, sal ek nogtans uit my vlees God aanskou." Daardeur was die grootste visioen.

59 Daniël het 'n Engel gesien. Die Hebreeuse kinders het die Seun van God gesien. Noag het die reënboog gesien. Abraham het God gesien, van aangesig tot aangesig. Maar, Job het die opstanding gesien, Job het vooruit gekyk. Al die patriarge en groot heiliges, van die Bybel, het vooruitgesien na daardie dag; met 'n versekering deur hulle visioene, deur hulle openbarings, dat daar 'n tyd van opstanding sou kom.

60 Nou sien ons groot werke gaan aan. Ons sien groot kragte van God. Ons sien groot dinge wat Hy kan doen. Jy sou nie na die son kon kyk en—en weet dat dit nie die Krag van God is wat daardie wêreld rondom bring oor daardie son nie. Jy sou nie 'n lentetyd kon sien kom, sonder om te weet daar is 'n God nie. Jy kan genesing sien van blinde oë, dowe ore, weet dis God. Maar

wat as dit al was wat daar was, en nadat ons gesterf het, ons weg was? Maar die opstanding, die Pase, o, dis wat alles verseël het wat God ooit belowe het, was die opstanding.

61 En hulle moet 'n kruisiging hê, voor jy 'n opstanding kan hê. En voor die Kerk ooit in staat sal wees om 'n opgestane Krag te sien, voordat ek ooit self 'n nuwe bediening kan sien plaasvind, voordat jy ooit in 'n nuwe gemeenskap met God kan ingaan, moet daar 'n self-kruisiging wees, sodat daar 'n opstanding kan kom. Ons moet uitsterf vir ons eie gedagtes, uitsterf vir ons eie maniere, uitsterf vir alles wat rondom ons is, gaan deur die versoekings en beproewinge, dat ons 'n nuwe opstanding kan sien, 'n nuwe Lewe. Voor 'n sondaar ooit 'n Christen kan word, moet daar 'n dood kom, dan 'n opstanding.

62 Voordat Abraham vir Elohim kon sien, moes daar vyf-en-twintig jaar van beproewing wees. Voordat die Hebreeuse kinders die Seun van God kon sien, moes hulle in 'n vuuroond ingaan. Voordat Daniël 'n Engel kon sien, moes hy in die leeukuil ingaan. Voordat Job ooit die opstanding kon sien, moes hy ingaan en alles verloor wat hy gehad het; maar, toe, deur 'n visioen, het hy gesien!

63 En as Job deur 'n visioen so vas kon staan op 'n belofte, hoeveel te meer behoort ons dit te doen, nadat Christus uit die dood opgestaan het en die Eerste Vrugte geword het van hulle wat geslaap het, en die Heilige Gees teruggestuur het as 'n seël van belofte, op ons, dat ons ook sal lewe. "Omdat Ek lewe, sal julle ook lewe!" Sien Sy groot Teenwoordigheid tussen ons, werk, doen dieselfde tekens en wonders wat Hy hier op aarde gedoen het, gee ons die hoop. En ons kom na die opstanding, en bly dan op ons ashope? Laat ons van die ashoop afkom vandag, met 'n nuwe visioen, met 'n nuwe Krag, met 'n vasbeslotenheid dat ons God in Sy Krag sien. Ons sien die opstanding van die dinge wat kom.

64 Ons is by die tyd van dood. Ons sit in die poorte van die dood. Die nasies is in die poorte van die dood.

65 Rusland het nou 'n nuwe wapen ontdek, soos julle almal gehoor het op radio en dinge. Hulle hoef nie hierheen te kom en dit met 'n bom op te blaas nie. Hulle kan net 'n klein dingetjie hiernatoe bring, en tussen hulle spioene kom, en 'n bietjie goed uitspuit in enige nasie, en almal sal verlam wees vir vier-en-twintig uur. Kom oor en, wanneer jy wakker word, is daar 'n Rus wat jou in die sy skop, 'n groot Russiese wag wat jou huis oorneem, jou vrou verkrag, jou kinders in die straat uitgooi, en jou huis vat. Hulle kan dit doen. Hulle sou nie een ding verloor nie. Hulle het dit. Niemand weet wat dit is nie. Sien, alles dra by. Nou kan hulle dit gebruik en nie bang wees daarvoor nie, omdat niemand anders dit het nie.

66 Ons weet nie hoe dit sal kom, wat sal gebeur nie. Maar ons weet een ding, dat ons op die ashoop is. Die nasie is op die ashoop. Die wêreld is op die ashoop.

67 En omdat die wêreld op 'n ashoop is, is ek so bly dat die Gees van God kan kom, en ons kan sê: "Ek weet my Verlosser leef, en in die laaste dag sal Hy op die aarde staan!" Eendag sal Hy kom! Geen wonder die digter het geskrywe:

> Gelewe, my liefgehad. Gesterwe, my gered.
> Begrawe, het Hy my sondes verwyder.
> Opgestaan, het Hy my vir altyd regverdig gemaak.
> Eendag sal Hy kom, o, heerlike dag!

68 Dit het 'n Getsémane vereis, van druppels Bloed wat deur Sy vel breek, voor dit. En dit het 'n wrede lyding van Golgóta vereis, voordat die bewys kon kom van 'n Ewige God, Wat die dooies kon oprig. Dit het 'n—'n Getsémane en 'n Golgóta vereis, om 'n Pase te maak. Dit het beslis.

69 Hoe daardie apostels, op daardie oggend, toe hulle so moedeloos was, totdat Petrus gesê het: "Ek is moedeloos, ek reken ek sal maar weer teruggaan na visvang. Ek sal daarheen teruggaan. Ek, ek het Hom gesien."

70 Hulle het groot hoop gehad, en het geglo in alles, totdat dit daardie groot donkerword-plek raak. Wat was God aan die doen? Hy het daardie apostels na 'n ashoop gebring. Hy het hulle gebring na 'n punt waar hulle sou, hulle hulle geloof vir hulle bevestig sou kry.

71 En Petrus het gesê: "Ek—ek het Hom groot wonderwerke sien doen daaronder in Galiléa langs. Maar, o, Hy lê oorkant, dood, en koud, in die grafkelder! Ek reken ek sal maar afgaan see toe vanoggend en 'n net ingooi, en maar net gaan visvang. Miskien kan ek uitkyk oor die see oorkant, en ek sal uitvind. Ek onthou hoe ek Hom sien wag het vir ons op die wal. Ek reken ek sal maar daarheen gaan."

72 En die apostels het gesê: "Weet jy wat? Ek reken ek sal maar saam met jou gaan." O, hulle was moedeloos. Hulle het al gehuil totdat hulle oë geswel was.

73 Hoe weet ons nie hoe dit is om deur sulke plekke te gaan nie! Hoe weet ons nie! Ons is almal vertroud met daardie dinge.

74 Ek onthou toe ek 'n geliefde oorkant in die graf gelê het, boop die top van die heuwel daar oorkant, genoem die Oostelike, of die Walnut Ridge Begraafplaas. Hoe ek 'n babatjie daarin neergelê het! En ek het gehuil op moeder se arm, tot, ek het gehuil tot ek nie meer kon huil nie. Ek het alles gedoen waarvan ek geweet het. Totdat, ek 'n geweer gevat het, om te probeer selfmoord pleeg, ek was in so 'n toestand. En dit was in daardie uur, in daardie kamertjie daarbo, op my knieë, dat die Hemele

weer oopgegaan het, en ek haar daar sien staan het in die glans van onsterflikheid. Dit was in daardie uur dat ek haar arms om my skouers voel kom het, het gesê: "Bill, jy verstaan nie. Ons is soveel beter daaraan toe as jy."

75 Sien, dit vereis 'n kruisiging. Dit vereis 'n vergruising van 'n blom, om die parfuum daaruit te kry. Dit vereis 'n vergruising van 'n lewe, om die beste daaruit te kry wat daar is. Dis waarom Jesus vergruis moes word, om na vore te bring wat Hy was. Hy kon nie staan, voor die kruisiging, sê: "Alle mag in die Hemel en aarde is in My hand gegee," nie. Maar na die kruisiging kon Hy staan en sê: "Alle magte in Hemele en aarde is in My hand gegee!" Maar wat het dit gedoen? Dit het die kruisiging vereis, eers.

76 Dit het die vergruising en die teleurstelling van die apostels vereis. Hulle het hulle Redder gesien, die Een wat hulle liefgehad het, en het Hom selfs die dooies sien opwek uit die—uit die graf. Hulle het Hom dit sien doen. En dink dan: "Daar lê Hy, koud, in die graf, Self, vanoggend." Dit het vereis die . . .

77 Daardie mense wat Hom die oë van die blindes sien open het, Hom daar gesien staan het en die einste gedagtes onderskei wat in die mense se harte was: "Hoe het Hy geweet," sou hulle sê: "dat hulle aan die kom was agter Hom aan? Hoe het Hy geweet? Waarom het Hy nie geweet Judas, Judas sou—sou Hom verraai nie? Waarom het Hy nie geweet die soldate was die berge aan die opkom daar, met stawe en swaarde en alles, om Hom te kry, as Hy hulle gedagtes kon onderskei, nie?"

78 Sien, die duiwel was werksaam met hulle, het hulle op 'n ashoop geplaas, want hulle wou hê hulle moet 'n getuienis lewe van: "Ek weet." (Nie "Ek skat" of "miskien is dit so," nie.) "Ek weet! Ek weet!"

79 En onthou, daardie beproewinge word oor julle gebring op dieselfde manier, sodat julle nie sal sê: "Wel, dalk is Dit reg, dalk is die Skrif waar, dalk is Goddelike genesing reg, dalk is die Heilige Gees reg," nie. Maar wanneer julle daardie ondervinding kry en van daardie ashoop afkom, en julle kry die openbaring van God, deur die doop van die Heilige Gees, kan julle uitroep: "Ek weet my Verlosser leef, want Hy leef in my!"

80 Petrus het gesê: "Ek sal gaan visvang." Die apostels het gesê: "Ek reken ek sal maar saam met jou gaan." En daar was hulle op hulle ashoop, daaronder in die middel van die see, en die probleem wat voortgaan soos dit het. En ek kan een van hulle hoor sê: "O, hoe kon dit gebeur, Petrus? Hoe kon dit so 'n ding wees, dat 'n Man soos dit kon sterf? Hoe kon Hy in die graf geplaas word op die manier wat Hy was? Hoe kon Hy staan en hulle Hom in Sy gesig laat spoeg en baard uitpluk, daardie kroon op Sy hoof plaas? Hoe kon Hy dit doen, o, en steeds God wees? Ek kan dit net nie verstaan nie." O, watter teleurstelling!

81 En ewe skielik, het hulle daar oorkant na die wal gekyk, net dieselfde soort openbaring wat Job gekry het, daar het hulle gesien wat Job vierduisend jaar tevore gesien het. Daar het die Verlosser gestaan, lewend en vars, gestaan op die wal. Met 'n vuur gemaak, en vis so daarop gaargemaak, en het gesê, hulle uitgenooi.

Jesus se tafel is berei
Om God se heiliges te voed,
Hy nooi Sy uitverkorenes: "Kom, kom eet;"
Met Sy manna sal Hy voed
In elk' behoefte word voorsien;
O, dis goed om altyd saam met Jesus te kan eet!

Hoe ons dit kan dink, hoedat dit daardie groot dinge vereis het!

82 Hoedat die. . . Paulus die apostel, daardie groot apostel wat deur sy probleemtyd was toe hy die dood van Stéfanus aanskou het; en sy gesiggie na die Hemel sien kyk het, en die klippe wat hom in die gesig tref, en hy het opgekyk en hy het gesê: "Ek sien die Hemele geopen. Ek sien Jesus staan aan die regterhand van God." Hy het gesê: "Here, reken hulle hierdie sonde nie toe nie." En Paulus hou die klere vas, dit het hom vir weke op weke op die ashoop geplaas, het heen-en-weer geloop; totdat, Sy gemoed was besoedel, totdat hy op sy pad was daar na Damaskus, om 'n pad te probeer oopveg, soos 'n man wat na 'n wiskeybottel gaan, sy smart probeer verdrink.

83 Hy was in die middel daarvan, toe daar 'n Stem uit die Hemel kom, 'n groot skynende Lig gesê het: "Saul, Saul, waarom vervolg jy My?" Hy het Hom gesien. Hy het Hom herken, dat Hy die herrese Jesus was, die Een wat hy getuig het gesterf het, was weer opgewek.

84 O, ek kan my eie lewe onthou, op die pad daar na verderf, toe ek 'n soet Stem gehoor het: "Ek is Jesus. Ek was eenmaal dood, Ek lewe vir ewig. Omdat Ek lewe, kan jy ook lewe." Sedert daardie tyd, my hand in Syne geplaas, het ek Hom vertrou deur die donker plekke. Wanneer die tye kom waar ek nie kan sien waarheen om te gaan nie, vertrou ek steeds op Hom.

85 Elke Christengelowige moet in daardie beproewinge ingestoot word. Elke Christengelowige moet op die ashoop gesit word, sodat hy met 'n ondervinding na vore kan kom: "Ek weet my Verlosser leef!"

86 Ons kom nie vanmôre hierheen om te sit en praat oor een of ander historiese gebeure, wat alles waar is, nie, maar ons kom hierheen met 'n getuienis vanmôre: "Ek weet dat Jesus Christus die Seun van God is, ek weet sonder enige twyfel! Ek weet dat Hy uit die dood opgestaan het, en Hy lewe in my vandag. Hy is myne, en ek is Syne. Ek is mede-erfgenaam saam met Hom, in die Koninkryk van God."

87 Pase! Pase bring 'n groot ding, 'n opstanding, 'n nuwe hoop. Het jy dit vanmôre? Is dit in jou hart? Weet jy dat jou Verlosser leef, en Hy laat alle dinge meewerk?

88 Jy sê: "Broer Branham, ek sit hier, en wag vir die gebedsry."

89 God werk dit net presies ten goede mee. Waarom was daardie kosbare seuntjie, nou die dag, met blindheid getref toe hy gebore was? Sodat God glorie kon kry en 'n stad onderstebo keer. Sekerlik, God weet wat Hy doen. God weet. En Hy plaas ons op die ashoop, ten einde ons Sy glorie te toon.

90 So, vanoggend, sê ek dit, vriend. Na een-en-dertig jaar van bediening, na een-en-dertig jaar van arbeid in die veld, wil ek hiervan getuig. Ek het teleurstellings gesien. Ek het die tyd gesien dat ek om dinge gevra het, en gehuil het oor dinge, en gesoebat het vir dinge, en hulle nie gekry het nie. Maar as ek maar net geduldig op God wag, dan weet ek dat dit net presies reg werk, net presies reg uitkom, net presies die regte ding doen.

91 Toe ek my baba verloor het, my klein Sharon, ek. . . dit was een ding wat my laat struikel het. Ek het gesê: "Hoe kan dit ten goede wees? Hoe kan dit ten goede wees?" En maande later, toe ek haar daar sien staan het in al die skoonheid van 'n jongmeisie, wat met my praat, wat staan langs daardie ou stukkende wa, daar. Ek het geweet, as sy sou gelewe het, kon sy dalk verkeerd gedraai het. God moes haar geneem het terwyl sy sag en teer was. Ek weet ek sal haar weer sien. Ek weet ek sal haar sien, ek weet dit sonder enige twyfel.

92 Ek dink aan my vrou van twee-en-twintig jaar oud, geneem, net maar bloot 'n meisie, 'n klein moedertjie daar. Toe die koerante hier 'n opskrif gegee het: "'n Jong moeder, eerwaarde'. . . sterf sommer," o, hoe het my hart nie gebloei nie! Ek het nie geweet wat om te doen nie.

93 Maar vandag weet ek dit het alles meegewerk tot my beswil. Ek weet die lewe moes gemaal word, en gewring, en gedruk, om dit wat daarin was, uit te kry. Daar was te veel Branham daarin, moes uitgedruk word voor God Homself bekend kon maak.

94 Daar was te veel van jou in jou, sodat God dit moes uitdruk, deur beproewinge. En terwyl daardie uitdruk aan die gang is, is dit swaar. Maar na 'n ruk, verhelder die hemele weer, dan sien jy die doelwit van God. Dan roep jy uit: "Ek weet my Verlosser leef, en in die laaste dae sal Hy op die aarde staan! Al het die vel wurms my liggaam vernietig, sal ek nogtans uit my vlees God aanskou!" Hierdie klein beproewinge en dinge is net vir 'n oomblik, en hulle vervaag en gaan verby. Maar hulle word slegs vir jou beswil gedoen, laat ons dit onthou, dat God glorie sal kry.

95 Sal ons ons hoofde buig net 'n oomblik. Ek wil vra, voor gebed, is daar enige hier wat graag aan gedink wil word in 'n woord van gebed voor ons afsluit? God seën julle. Hoeveel hierbinne sou wou sê: "Ek wil nou hê, in my uur van

beproewinge, dat God my 'n nuwe ondervinding moet gee, dat ek weer nuut na vore kan kom"? Steek jou hand op, sê: "Ek wil hê—ek wil hê dit moet vir my 'n opstanding wees, 'n Pase, om my op te wek in my nuwe verwagtinge en nuwe kragte, nuwe gesondheid en nuwe vreugde." Die Here seën julle, my liewe mense.

96 O, ons God en ons Redder, ons is so dankbaar teenoor U vir hierdie Pase, vir wat dit vir ons harte beteken. En deur geloof, daar oorkant, oor die land, kan ons die Koms van die Here Jesus sien, soos Hy Homself nou gereedmaak, Sy koninklike klere aantrek. En, die Kerk trek aan, die Bruidegom trek haar trourok aan. Daar word reggemaak om 'n groot byeenkoms binnekort te wees.

97 Hierdie ashoop kan nie vir ewig standhou nie. Wanneer ons mense hoor lag, spot met ons, en ons daardie skandelike naam "holy-rollers" noem, en spot met ons, en sê dat ons nie eens verstandelik reg is nie, o, dit kan nie vir altyd duur nie, Here. Maar laat ons soos Job wees, ons getuienis behou, laat ons wees soos Daniël by die leeukuil, of die Hebreeuse kinders by die vuuroond, of Abraham op sy reis.

98 Help ons, O Here, om trou te staan totdat ons daardie groot ding sien plaasvind: "Wanneer die basuin sal weerklink, en die dooies in Christus sal opstaan; ons wat lewe en agterbly sal verander word, in 'n oomblik, in 'n oogwink." En dan sal daardie Pase vir ons kom, wat Christus gehad het sowat negentienhonderd jaar gelede vanmôre, en gesê het: "Omdat Ek leef, sal julle ook lewe."

99 "Hierdie selfde Jesus, wat opgeneem is uit ons midde, sal terugkom net presies soos wat Hy gegaan het." Ons sal Hom sien, selfs elke litteken in Sy hand en elke doringmerk aan Sy hoof. Ons sal Hom sien.

O, ek sal Hom ken, ek sal Hom ken,
As verloste, aan Sy sy, sal ek staan.

100 Ja, Here, my arme hart, waar hierdie swak liggaam van my begin vou onder die vrag, die kommer en arbeid van die oeslande, die sendingvelde, en die hoogte- en laagtepunte, en die onverskilligheid tussen arrogante predikers, ensovoorts, regoor die plek, en die mense wat hoon, en bose magte. Maar, O Here, eendag kom ons soos Elía, daar na die rivier; kyk daar, vasgemaak aan elke bos, 'n vurige strydwa wat ons sal wegdra. Laat ons weet dat hierdie ashope slegs sluiers is om ons te verberg van daardie groot ding wat binnekort voorlê, daardie groot glorie.

101 Mag ons getrou bly, soos Job, totdat ons Hom sien, van aangesig tot aangesig. Mag ons so getrou wees soos ons Here was, as ons voorbeeld, om na Golgóta te gaan; ook, gereed om gekruisig te word, en saam met Hom gekruisig te word, dat daar 'n opstanding in ons lewe kan wees. Skenk dit, Here.

102 Mag, indien daar enige bespotters hier sou wees, wat soos Paulus van ouds was, mag hulle die Pase vind op hulle pad huis toe vanmôre. Skenk dit, Here.

103 Ons bid, Here, dat diegene wat op die ashoop van vernietiging, ashoop van siekte is, dat hierdie die uur sal wees dat hulle verlos sal word.

104 Gisteraand, gepraat met daardie vroutjie buite by die karavaan, en haar man; hoedat oorkant in Phoenix, in 'n ernstige toestand, en daardie groot kankers wat daar op hulle gelê het, en is nou vandag volkome gesond en normaal. En die babatjie wat sy hart uitgehaal sou hê, sit hier in die gebou vanmôre, normaal, gesond. 'n Klein blinde seuntjie wat eers in duister gewandel het en nooit daglig gesien het nie, loop vandag en sien die lig van die dag. En, O God, hoe dank ons U nie hiervoor nie! En dit kyk alles anderkant die sluier, na daardie groot dag van opstanding. Skenk dit, Vader. En laat hulle weet dat hierdie dinge so moes wees, dat hulle: klein blinde seuntjie kon sien, dat die kindjie wat hartprobleme gehad het, getuienis kon gee aan ander. Al hierdie dinge werk ten goede mee vir hulle wat U liefhet.

105 Alles vir ons moontlik gemaak omdat daar Een gehoorsaam was in beproewing, daar Een was Wat die toets deurstaan het, dit was Jesus. Die Een Wat so gehoorsaam was aan die Vader, dat die Vader Hom opgewek het op Paasoggend, omdat dit nie moontlik was dat Hy deur dood behou sou word nie. "Want Ek sal nie toelaat dat My Heilige verderwing sien nie, ook sal Ek nie Sy siel in die hel laat bly nie." Want, Hy is getrou bevind, het altyd gedoen dit wat die Vader behaag het.

106 God, mag ons immer getrou wees in ons pos. Maak nie saak wat ons beproewinge is en ons probleme, wat ook al nie, mag ons in staat wees om altyd te sê: "Ek weet dat alle dinge ten goede meewerk vir hulle wat God liefhet." Skenk dit, Vader.

107 Ons seën hierdie mense vanmôre met U seëninge. Hulle het vroeg gekom van hulle plekke af, hulle het na die tabernakel gekom. Hulle het gekom om vertroosting te kry. Mag hulle huis toe gaan vanmôre, met die Krag van die Heilige Gees brandende in hulle harte, wandel langs die pad soos hulle wat van Emmáüs gekom het, sê: "Was ons harte nie brandende in ons, toe Hy langs die pad met ons gepraat het nie?" Skenk dit, Vader. Ek dra hulle aan U op nou, in die Naam van die Here Jesus Christus. Amen.

Goed, Broer Neville. En onthou nou van die dienste.

108 Ons sal nie vanmôre gebedskaarte hê nie, omdat, as ons gebedskaarte het, solank as ek daardie mense so hier kry staan, sal ek steeds staatmaak op daardie gawe. Ek moet 'n plek bereik waar ek dit opsy skuif, waar ek kan uitstap hier en kan. . . Ek's bang. Ek is skynbaar bevrees, en ek's bang ek sal 'n fout maak. Om 'n geveg te verloor, is nie 'n oorlog verloor nie. Patton het verskeie gevegte verloor, maar hy het nooit 'n oorlog verloor nie.

Dis reg. En ons sal ook klompe gevegte verloor, maar ons sal nie die oorlog verloor nie. Ek sal baie foute maak, maar ek sal nie die Saak verloor nie. God het dit gegee, en God sal daarvoor sorg. Dis—dis salwing. En nou is dit tyd, ek reken die uur is, en ek begin, synde dat dit Pase is vandag, gaan ek gaan—gaan soos ek daar het, te bid vir die siekes. En as ek kan. . . Dis salwing. Dis iets wat binne-in my moet gebeur. Ek's nie te gewoond daaraan nie. Dit kom op so 'n manier, ek mag dalk nie in staat wees om dit net reg op te merk nie, maar ek moet aanhou gaan daarvoor totdat ek dit wel elke keer herken. So hierdie gaan die dag wees dat ek sal probeer, deur die genade van God.

109 Die Here seën julle nou. Broer Neville. En die dienste sal om nege-dertig begin. Broer Neville.

Ek Weet AFR60-0417s
(I Know)
Die Paasboodskap reeks

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Paas Sondagoggend by sonsopkoms, 17 April 1960, by die Branham Tabernakel in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2016 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org